NELSON MANDELA
UNIVERSITY

COVID-19
TERUG-WERK-TOE GIDS

Berei voor. Voorkom. Beskerm.

Wat jy moet weet
om terug te keer kampus toe

“Dit is nou in julle hande.”

President Cyril Ramaphosa het Nelson Mandela, na wie ons Universiteit vernoem is, aangehaal toe hy aangekondig het dat Suid-Afrika oorgaan na Inperking (“Lockdown”) Vlak 3.
Elke personeellid en student moet self verantwoordelikheid neem in die stryd teen die wêreldwye pandemie deur voorkomingsmaatreëls te neem en ander aan te moedig om dit ook te doen.

**Vir die volledige besonderhede oor die nuwe standaardbedryfsprosedures, protokol en ander riglyne wat die Universiteit ingestel het, raadpleeg die Campus Guide (kampusgids)*

Inhoud

Nelson Mandela Universiteit plaas jou veiligheid eerste 4
Wat is COVID-19? 5
Is ek in gevaar? 5
Wat is die simptome van COVID-19? 5
Voorkoming is uiters belangrik! 6
Wanneer moet ek terugkeer kampus toe? 7
Moenie terugkeer kampus toe nie as: 9
Jy moet terugkeer kampus toe as: 9
Opleiding 10
Persoonlike Beskermingstoerusting (PPE) 10
Skoonmaak en ontsmetting 11
Ontsmetting 11
Afstandwerk 12
Terugkeer werk en klas toe: Stappe om te neem 13
Skanderingsproses 13
Skandering en toetsing 14
Studente 15
Wie moet terugkeer? 16
Koshuise 16
Welstand 17
Vrae of bekommernisse 18
Die COVID-19-span 19
Hoofkontakte 20
Nakomingsbeamptes 20

Nelson Mandela Universiteit plaas jou veiligheid eerste

Soos wat ons land voorberei op 'n terug-werk-toe-plan in lyn met die Regering se Vlak 3-risiko-aangepaste strategie, berei die Universiteit 'n omvattende benadering voor vir nuwe maniere van **werk, onderrig en leef in 'n veilige, skoon omgewing**.

Die wet vereis dat ons tydens die COVID-19 wêreldwye pandemie 'n ruimte skep en in stand hou wat ons personeel en studente se gesondheid en veiligheid so ver moontlik beskerm.

Die COVID-19 Taakspan (CTT) en ander belanghebbendes by die Universiteit het 'n omvattende plan gereed:

- Siektevoorkoming
- Siektetoesig (diagnostiese skandering en toetsing)
- Siektebeheer (kwarantyn/isolasie na COVID-19 positiewe diagnose) en ook vir Persone wat Ondersoek word (PUI's) *

DIE MEES EFFEKTIEWE MANIER OM DIE VIRUS TE BEKAMP IS DEUR VOORKOMING

Kom ons werk saam om die verspreiding van die virus te stop.

**'n Persoon wat ondersoek word (PUI - Person Under Investigation), verwys na enigiemand wat beskou word as 'n risiko in terme van die opdoen van COVID-19. Dit is die mediese term wat deur die Departement van Gesondheid gebruik word.*

Wat is COVID-19?

Dit is ‘n respiratoriese siekte wat veroorsaak word deur ‘n nuwe koronavirus, die SARS-CoV-2-virus.

Is ek in gevaar?

Jy het ‘n groter risiko as jy hart- of longsiektes het, onderliggende gesondheidstoestande en ‘n verswakte immuunstelsel (soos mense met MIV, TB, diabetes of kanker), of as jy ouer as 60 jaar is.

Besoek die Universiteit se webwerf vir ‘n volledige lys van ko-morbiditeite wat jou in gevaar kan stel en jou kan uitsluit daarvan om op die kampus te werk. Alle personeel moet ‘n gesondheidsverklaringsvorm invul. Kontak: Bridgette.Simon@mandela.ac.za

Diegene wat op afstand kan werk of studeer, moet voortgaan om dit te doen

Wat is die simptome van COVID-19?

- Koors
- Hoes
- Seer keel
- Kort van asem
- Mialgie/algemene swakheid
- Smaakverlies
- Reukverlies
- Diarree of naarheid.

Voorkoming is uiters belangrik!

- **Was jou hande** gereeld vir 20 sekondes met seepwater
- **Fisiese afstand.** Hou 'n spasie van 1,5-2m (drie treë) tussen jou en ander mense
- **Hoes of nies** in jou elmboog en NIE oor of naby ander mense nie
- **Gebruik gereeld handontsmettingmiddels** (**"sanitisers"**) (ten minste 60% alkohol) - voor, tydens en na jy die kampus besoek
- **Persoonlike beskermende toerusting, insluitend 'n masker**. Jy sal nie op die kampus toegelaat word sonder 'n masker wat jou neus en mond bedek nie. Hou jou masker SKOON en DROOG. Jy kan enige geskikte lapmasker dra. Direkte-kontakwerknemers sal bykomende instruksies vanaf hul lynbestuurders ontvang oor gesigskerms en soorte maskers
- **Skandering ("Screening")**. Jy moet voor en tydens jou besoek aan die kampus skandering ondergaan vir virussimptome (temperatuurkontrole en vraelys/skanderingsprogram op webapps.mandela.ac.za/screening)
- **Bly tuis** as jy siek voel of vermoed dat jy COVID-19-simptome het
- **Maak jou selfoon skoon** met alkohollappies of 'n mikrovesellap - selfone is kiemdraers
- **Vermy** massa-byeenkomste

* Daar is geen verbod op werknemers ouer as 60 wat na die werkplek terugkeer nie; ingevolge die Regulasies, moet die werkgewer maatreëls tref vir werknemers ouer as 60 of diegene met ko-morbiditeite om hul veilige terugkeer werk toe te fasiliteer.

Wanneer moet ek terugkeer kampus toe?

Die Universiteit se **terug-werk-toe-plan** wat op 1 Junie 2020 in fases begin het, is streng in lyn met die riglyne vir gesondheid en veiligheid en ons verbintenis tot die voltooiing van 2020 se akademiese jaar.

Personeel en studente moet slegs na die kampus terugkeer as hulle individueel versoek word om dit te doen.

Ons moet saam:

- **Die aantal mense** op die kampus **beperk** (deur rotasie, toenemende fases-werksure, skofte en afstandwerk, asook afstandonderrig en -leer)
- Volg **streng gesondheids- en veiligheidswette** om jou veiligheid te verseker
- Handhaaf **fisiese afstand**
- Voorkom die risiko en verspreiding van infeksie **deur kontak tussen mense te verminder**.



- Alle personeel en studente sal persoonlike beskermende toerusting (PPE) ontvang wat gepas is vir hul aktiwiteite op die kampus.
- Alle besoekers wat die kampus binnekom, sal ontsmet word sodra hulle die kampus binnekom.
- Alle besoekers se temperatuur sal geneem word voordat hulle die kampus binnekom.
- Die biometriese stelsel sal afgeskakel word. Studente het hul studentekaart nodig om die koshuise binne te gaan.
- Alle personeellede en student sal 'n PPE-pakkie ontvang met twee lapmaskers en handontsmettingsmiddel. Vir meer inligting kontak: SHE@mandela.ac.za of skakel 041 504 9361.
- Geen skandering sal sonder die PPE plaasvind nie
- Alle personeel en studente moet hul Universiteits-identiteitskaarte dra. As jy jou kaart verloor het, reël dat jy 'n nuwe kaart ontvang voordat jy na die kampus terugkeer. Kontak: Theo.Zeelie@mandela.ac.za
- Personeel en studente kry maskers en moet teken vir die ontvangs van hul PPE in die PPE-uitreikingsregister. Sorg asseblief goed vir jou uitgereikte PPE.

Voordat jy terugkeer, moet jy die aanlyn gesondheids- en veiligheidsopleiding voltooi.

Kyk na die video's aanlyn op Moodle of kontak Adriaan.Andrews@mandela.ac.za

om te reël om dit virtueel te kyk.

Moets en Moenies

MOENIE TERUGKEER KAMPUS TOE NIE AS:

- Jy COVID-19 simptome het. Bly tuis en bel jou dokter
- Jy kwesbaar is (ouer as 60 jaar en/of 'n bekendgemaakte gesondheidstoestand of 'n bestaande gesondheidstoestand het en nie toestemming het om dit te doen nie
- Jy terug is vanaf 'n ander gebied (provinsie, distrik, metropool). Bly twee weke tuis (selfkwarantyn) om te verseker dat jy geen COVID-19 simptome het nie
- Jy vermoed dat jy in kontak was met 'n persoon wat moontlik geïnfekteer is of ondersoek word (PUI)
- Jy tuis kan werk (afstandwerk)
- Jy nie deur jou lynbestuurder, as personeellid, of amptelik deur die Universiteit, en jou dosent, as student, gevra is om dit te doen nie.

JY MOET TERUGKEER KAMPUS TOE AS:

- Jy gesond is, nie 'n risiko het nie, nie COVID-19 het nie en toestemming het om dit te doen
- Jy 'n noodsaaklike werknemer is en toestemming het daarvoor
- Jy skandering aanvaar om na die skanderingsentrum te gaan gedurende jou tyd op die kampus
- Jy 'n fisiese afstand (1,5 meter tussen jou en ander) behou
- Jy altyd 'n masker dra
- Jy jou hande higiënies hou en alle ander voorkomingsmaatreëls nakom

Opleiding

Veiligheid eerste! Om die verspreiding van die virus te help **bekamp, beplan, voorkom en beskerm** ons.

Alle personeel moet die voorkomingsmaatreëls leer deur die virtuele opleiding te bespreek of die COVID-19-voorkomingsvideo's te kyk voordat hulle na die kampus terugkeer.

Kyk asseblief na die video's op **Moodle** of kontak Adriaan Andrews by

adriaan.andrews@mandela.ac.za

Ander vorms van opleiding is reeds aan die gang vir direkte-kontakpersoneel.

Persoonlike Beskermingstoerusting (PPE)

Alle personeel en studente sal 'n PPE-pakkie ontvang met **twee lapmaskers en 150ml handontsmettingsmiddel**. **Die lynbestuurder of akademiese leier** moet 'n week voor die PPE nodig is vir die SHE Kantoor (details onder)

Geen skandering of toegang op die kampus sal toegelaat word sonder die PPE nie.

Vir meer inligting kontak:

SHE@mandela.ac.za of bel 041 504 9361

Skoonmaak en ontsmetting

Intensiewe skoonmaak en die ontsmetting van alle kampusareas is 'n kritiese deel van ons gesondheid en veligheidsprotokol en om die regeringsmaatreël na te kom.

Die skoonmaakafdeling is verantwoordelik vir 'n skoon omgewing, terwyl ons geleidelik terugkeer na beperkte aktiwiteite op die kampus.

Koshuise, lesingsale, kantore, eetsale, openbare en private ruimtes, sal ten volle ontsmet en skoongemaak word voordat die terug-werk-toe-fase begin.

Kontak: **Nikki.Brown@mandela.ac.za**

Ontsmetting

Ons is **ten volle voorbereid** om gebiede met vermoedelike of bevestigde infeksie op die kampus te hanteer.

Streng ontsmettings- en toegangsbeperkingsprotokol is van toepassing op:

Nie-woongebiede (eetsale, lesingsale, kantore, ens.)

Koshuise. Alle persoonlike beskermingstoerusting (PPE) wat tydens ontsmetting gebruik word, sal op die korrekte manier verwyder word.

Kontak: **Nikki.Brown@mandela.ac.za**

Doen jou deel! Hou jou kamer of kantoorarea **skoon en ontsmet.**

Afstandwerk

Afstandwerk is enige werk wat normaalweg in die tradisionele kantooromgewing gedoen sou word, maar wat nou buite daardie omgewing gedoen moet word.

Ons beoog om personeel en studente so ver redelik moontlik, tuis te hou om die verspreiding van COVID-19 te bekamp.

Vir alle HR-verwante sake - afstandwerk, verlof, werwing, welstand, mediesefondssake en dies meer - kontak **hr@mandela.ac.za**



TERUGKEER WERK EN KLAS TOE*

Stappe om te volg

Lynbestuurder of akademiese leier moet die volgende persone/departemente kontak

(minstens een week vooraf)

A

1 VEILIGHEID

Vir Persoonlike Beskermingtoerusting (PPE) – vir maskers- en handontsmettingsmiddels

Yanga.Cibe@mandela.ac.za

2 BESPREKINGS VIR SKANDERINGS:

Beroepsgesondheid (OHC)

Kobus.Magielies@mandela.ac.za

Studentegesondheidsdienste (SHS)

Althea.Hawkins@mandela.ac.za

Weldy.Padayachee@mandela.ac.za

3 COVID-19 VIRTUELE OPLEIDING HR

Adriaan.Andrews@mandela.ac.za

or Tamzon.Pyne@mandela.ac.za

of voltooi aanlyn via Moodle

Alle personeel en studente moet PPE dra en fisieke/sosiale afstand behou

B SKANDERINGSPROSES

met Studentegesondheidsdienste en die Beroepsgesondheidsentrum by die skanderingsentrums of via die Health Screening App.

SKANDEER NEGATIEF

Keer terug na werksplek/ klaskamer/ laboratoriums/ koshuise en aanlynstudie in lyn met die "nuwe normaliteit" op kampus

*Keer terug werk toe net as jy gesond is. Moenie kampus toe kom as jy siek is nie.

SKANDEER POSITIEF

Persoon wat ondersoek word (PUI)

1 Isolasie van werknemer/student

- Gee aan personeellid/student 'n chirurgiese masker
- Isoleer in eie vervoer/isolasiekamer
- SHS/OHC sal met koshuisbestuurder/ akademiese leier/lynbestuurder kommunikeer vir die opspoor van kampuskontakte en die responspan waarsku

2 Koshuisbestuurder/akademiese leier/lynbestuurder moet

- Die opsporing voltooi en terugstuur na OHC/SHS

3 Verwys na dokter/ laboratorium/ toetssentrum volgens die dokter se instruksies

4 Kwarantyn vir tot 14 dae terwyl uitslag verwag word

- **Personeel** kan tolvry Wellness@Work [0800 205 333] kontak vir emosionele ondersteuning
- **Studente** kan Emthonjeni kontak vir emosionele ondersteuning by counselling@mandela.ac.za

5 TOETSUITSLAG

Negatief: Keer terug werk of klas toe

Positief:

14-dae isolasie, monitoring deur 'n dokter/ OHC/SHS dokter verwys vir hospitalisasie indien simptome erger word.

Na 14 dae volgens dokter se instruksie rapporteer by OHC/SHS vir klaring om terug te keer werk/klas toe.

Skandering en toetsing

Wat is skandering?

Koors is 'n teken van COVID-19

- 'n Temperatuur van **38°C en hoër is koors**
- Simptome ontwikkel 2-14 dae na blootstelling aan die virus
- Om na die kampus te kom, moet jy **geskandeer word**
- Jy sal vrae moet antwoord om jou gesondheid en die risiko van infeksie te bepaal. .

Wat gebeur as my temperatuur hoog is?

As jy die risiko van infeksie het, kan jy verwys word vir 'n COVID-19-toets en kwarantyn (weg van ander geïsoleer) vir 14 dae tuis (self-isolasie) of in 'n aangewese fasiliteit. Dit is nodig om die verspreiding van die virus na ander mense te bekamp.

Jou toetsuitslag sal negatief of positief wees. As dit positief is, moet jy in kwarantyn bly vir mediese behandeling. Die Universiteit sal jou werkkontakte opspoor. Hierdie kontakte sal ook in kwarantyn gaan.

Wat as ek siek voel of vermoed dat ek aan infeksie blootgestel is?

Bly tuis of in jou koshuis en waarsku die Universiteit onmiddellik as jy enige COVID-19 simptome het of vermoed dat jy kontak gehad het met iemand wat geïnfekteer is.

Kontak: Personeel: 041 504 3662/2045

Studente: counselling@mandela.ac.za COVID-19 Noodlyn: 0800 02999

Studente

Die Universiteit is verbind daartoe om saam met ons studente die pad te loop om die 2020 akademiese jaar suksesvol te voltooi.

ALLE studente sal geakkommodeer word in ons **buigsame, vervlegte ("blended") leerbenadering** met aanlyn-LT vir studente wat tans op Pad 1 ("Pathway") is terwyl studente op Pad 2 afstandsonderrig sal kry via werkspakke wat in Junie afgelewer sal word. Soos studente na die kampus terugkeer, sal die vervlegte leerbenadering soos volg werk:

- Die meeste modules sal aanlyn via die Moodle LMS gefasiliteer word, met virtuele lesings en omgekeerde ("flipped") sessies via Zoom en MS-spanne. Tutoriale en Si-sessies word ook virtueel aangebied
- Die algemene rekenaarlaboratoriums sal oop wees vir studente sonder toestelle ("devices"). Studente sal 'n laboratoriumsessie moet bespreek wat 'n sekere tydperk sal duur.
- Assessering, toetse en eksamens sal regverdig en buigsaam aangepas word.
- Studente word slegs vereis om kontaksessies by te woon vir laboratorium- en ateljeewerk, asook ervaringsleer, WIL en SBL en 'n paar hersienings- en aanvullende tutoriale. Lokale vir kontaksessies sal voldoen aan die vereistes vir fisieke distansie en gesondheidshigiëne.
- Aangesien die tweede semester eksamen vanaf einde Januarie sal plaasvind, is daar voorsiening gemaak vir 'n hersieningsperiode in Januarie, tesame met geleenthede om laboratorium- en ateljeewerk in te haal.

Vir enige akademiese **navrae**, moet studente **hul dosente kontak.**

Wie moet terugkeer?

Op Vlak 3 mag 'n maksimum van **33% van die studente** na die kampus terugkeer.

Diegene wat om verskeie redes **nie afstandstudies kan voltooi nie**, sal voorrang geniet.

Dit is ingevolge die Minister se Voorskrifte in die Staatskoerant (Gov Not. 652 gepubliseer in GG43414).

- Finalejaarstudente, veral studente wat toegang nodig het tot toerusting, laboratoriums en ateljees
- Nagraadse studente wat laboratorium-/tegniese toerusting benodig
- Studente wat kliniese opleiding benodig as deel van hul programme
- Studente met spesiale behoeftes soos diegene met gestremdhede

Koshuise

'n Aantal maatreëls sal in die koshuise getref word om die virusverspreiding te help bekamp. Dit sluit in:

- Geen besoekers word in die koshuise toegelaat nie
- Onwettige bewoners van enige vorm bly streng verbode
- Samewerking met die voortdurende ontsmetting van die gemeenskaplike areas en die instandhouding daarvan
- Partytjies en alkohol bly streng verbode. 'n Reël ("curfew") is goedgekeur waarvolgens alle inwoners vanaf 22:00 tot 5:00 in die koshuis moet wees om beweging op die kampus te beperk.

Die volledige standaard bedryfsprosedures rondom die nuwe lewenswyses by studentekoshuise verskyn in die Universiteit se handboek op www.mandela.ac.za/coronavirus. 'n Toegewyde studentegids, My Mandela Handbook, met al die nuwe standaard bedryfsprosedures op die kampus, insluitend die nuwe koshuislewenswyses, sal binnekort beskikbaar wees.

Welstand

Hierdie is 'n moeilike tyd vir ons almal.

Jy kan geïsoleer voel, bang, eensaam of angstig.

Die Universiteit bied verskeie **ondersteuningsintervensies** aan vir die personeel en studente. Reik asseblief uit as jy hulp nodig het.

- Personeel kan ons 24/7 Mandela Universiteit se Welstandsprogram kontak by 0800 205 333 of 'n e-pos stuur aan info@wellwork.co.za
- Studente kan Emthonjeni Studentewelstand kontak by counselling@mandela.ac.za (PE-kampusse) of 044 8015062 (George-kampus)
- Kontak jou tutor, SI-leier, akademiese adviseur of studentesuksesleier
- Studente met gestremdhede: Universele toeganklikheids- en gestremdheidsdienste
- Besoek www.mandela.ac.za/learningpathways vir 'n reeks hulpbronne en gereelde vrae.

Mediese hulpfondskontakte

Vir hulp met die Mediese Hulpfonds gebruik die toepaslike eposadres:

- **medicalaid@mandela.ac.za**
- Gilmar Walsh: **Gilmar.Walsh@mandela.ac.za**
- Alexander Forbes Gesondheidskonsultante: Nicolette Du Toit: **DuToitNi@aforbes.co.za**

Vrae of bekommernisse?

Studentegesondheidsdienste:
Weidy.Padayachee@mandela.ac.za
Nokulunga.Ngwekazi@mandela.ac.za
Beroepsgesondheidsdienste:
Valencia.Benjamin@mandela.ac.za
Kobus.Magielies@mandela.ac.za
Fiona.Magnus@mandela.ac.za
Zilla.Shaw@mandela.ac.za

Studente:
Bernard.Sebake@mandela.ac.za

Veiligheid (SHE):
SHE@mandela.ac.za

Infrastruktuur:
Melvin.Syce@mandela.ac.za

Beskermingsdienste:
Simphiwe.Nkosa@mandela.ac.za

Skoonmaakdienste:
Nikki.Brown@mandela.ac.za

Vervoer:
Luthando.Rafani@mandela.ac.za

George-kampus:
Kaluke.Mawila@mandela.ac.za

Koshuise:
Robin.Minne@mandela.ac.za

Kommunikasie:
Debbie.Derry@mandela.ac.za

Om gevalle en simptome aan te meld en vir algemene navrae:
080 002 9999

NICD Openbare Noodlyn
041 504 3662/2045

Studentegesondheidsdienste:
counselling@mandela.ac.za

Die COVID-19-span

Die Coronavirus Taakspan (CTT)

Die CTT-span, aangewys om alle aktiwiteite wat verband hou met COVID-19 te koördineer, en die verspreiding van die virus by die Universiteit te bekamp, werk onder leiding van die Adjunk-Visekanselier, Lebogang Hashatse, onder noue toesig van die Komitee vir Gesondheidsorg, 'n subkomitee van MANCO, onder voorsitterskap van professor Lungile Pepeta.

Die Werkstroomleiers

Veiligheid, Gesondheid en die Omgewing (SHE)
SHE@mandela.ac.za

Gesondheid en Welstand
Lungile.Pepeta@mandela.ac.za

Menslike Hulpbronne:
Ntoza.Bam@mandela.ac.za

Leer en Onderrig:
Cheryl.Foxcroft@mandela.ac.za

Studente:
Luthando.Jack@mandela.ac.za

Infrastruktuur en Fasiliteite:
Melvin.Syce@mandela.ac.za

Ondersteuningsdienste:
Sam.Bosire@mandela.ac.za

ICT-dienste:
Mkhosi.Mahlathini@mandela.ac.za
Dierdre.Els@mandela.ac.za

Kommunikasie en Bemarking:
Chantal.Janneker@mandela.ac.za

Hoofkontakte

Om gevalle en simptome
aan te meld, en vir
algemene navrae:
NICD Openbare Noodlyn
080 002 9999

Beroepsgesondheidsdienste:
041 504 3662/2045

Nakomingsbeamptes

Valencia Benjamin – Beroepsgesondheid
Valencia.Benjamin@mandela.ac.za
041 504 1028/3662/2045

Veiligheid, Gesondheid en Omgewing
SHE@mandela.ac.za
041 504 9361

Kontaksentrum:
Deon.Barnardo@mandela.ac.za
041 5041111

Noodgevalle:
041 5042009

mandela.ac.za